

**BUITENGEWONE**



**EXTRAORDINARY**

# Staatskoerant

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

Prys 10c Price  
Oorsee 15c Overseas  
POSVRY—POST FREE

VOL. 23.]

KAAPSTAD, 22 FEBRUARIE 1967.  
CAPE TOWN, 22<sup>ND</sup> FEBRUARY, 1967.

[No. 1665.]

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 238.] [22 Februarie 1967.

No. 238.] [22nd February, 1967.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:

	BLADSY
No. 10 van 1967: Wysigingswet op Standaarde, 1967	3
No. 11 van 1967: Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967 .. .. .	5
No. 12 van 1967: Wysigingswet op Ontploffbare Stowwe, 1967 .. .. .	13

	PAGE
No. 10 of 1967: Standards Amendment Act, 1967 ..	2
No. 11 of 1967: Performers' Protection Act, 1967 ..	4
No. 12 of 1967: Explosives Amendment Act, 1967 ..	12

## ACT

To amend the Standards Act, 1962, by the substitution for the word "director" of the word "director-general"; and to provide for matters incidental thereto.

(English text signed by the State President.)  
(Assented to 10th February, 1967.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Substitution in Act 33 of 1962 of "director-general" for "director".

1. (1) The Standards Act, 1962 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the word "director", wherever it occurs, of the word "director-general".

(2) The director of the South African Bureau of Standards who was appointed before the commencement of this Act in terms of section 12 (1) of the principal Act and who at such commencement still holds office, shall as from such commencement be deemed to have been appointed as director-general of the South African Bureau of Standards in terms of that section, as amended by this section.

(3) Anything done by or on behalf of the said director before the commencement of this Act under any provision of the principal Act, shall be deemed to have been done by or on behalf of the said director-general.

(4) A reference in any law or document to the director of the South African Bureau of Standards shall be construed as a reference to the director-general of the South African Bureau of Standards.

Short title.

2. This Act shall be called the Standards Amendment Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

No. 10, 1967.]

## WET

**Tot wysiging van die Wet op Standaarde, 1962, deur die woord „direkteur” deur die woord „direkteur-generaal” te vervang; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan voorsiening te maak.**

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 10 Februarie 1967.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. (1) Die Wet op Standaarde, 1962 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die woord „direkteur” oral waar dit voorkom, deur die woord „direkteur-generaal” te vervang. Vervanging in Wet 33 van 1962 van „direkteur” deur „direkteur-generaal”.

(2) Die direkteur van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge artikel 12 (1) van die Hoofwet aangestel is en wat by sodanige inwerkingtreding nog sy amp beklee, word vanaf sodanige inwerkingtreding geag ingevolge daardie artikel, soos deur hierdie artikel gewysig, as direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde aangestel te gewees het.

(3) Enigiets wat deur of namens bedoelde direkteur voor die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens 'n bepaling van die Hoofwet gedoen is, word geag deur of namens bedoelde direkteur-generaal gedoen te gewees het.

(4) 'n Verwysing in 'n wet of dokument na die direkteur van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde word uitgelê as 'n verwysing na die direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Standaarde, 1967, Kort titel. en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

No. 11, 1967.]

# ACT

## To provide for the protection of performers of literary and artistic works.

(Afrikaans text signed by the State President.)  
(Assented to 10th February, 1967.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Interpretation of terms.

1. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates—
- (i) "broadcasting" means broadcasting by means of a broadcasting service as defined in section 1 of the Radio Act, 1952 (Act No. 3 of 1952); and "broadcast" has a corresponding meaning; (vi)
  - (ii) "Corporation" means the South African Broadcasting Corporation established by the Broadcasting Act, 1936 (Act No. 22 of 1936); (iii)
  - (iii) "literary and artistic works" include musical, dramatic and dramatico-musical works; (iv)
  - (iv) "performer" means an actor, singer, musician, dancer or other person who acts, sings, delivers, declaims, plays in or otherwise performs, literary or artistic works; (vii)
  - (v) "phonogram" means any exclusively aural fixation of sounds of a performance or of other sounds; (i)
  - (vi) "rebroadcasting" means the simultaneous broadcasting by one broadcasting organization of the broadcast of another broadcasting organization; and "rebroadcast" has a corresponding meaning; (ii)
  - (vii) "reproduction" means a copy made of a fixation of a performance. (v)

(2) Except in so far as the context otherwise requires, any reference in this Act to the doing of an act in relation to a performance, a fixation of a performance or a reproduction of such a fixation, shall be taken to include a reference to the doing of that act in relation to a substantial part of the performance, the fixation or the reproduction, as the case may be.

Relation to copyright protection.

2. The rights created by this Act shall in no way restrict or affect the rights provided for by any other law relating to copyright in literary and artistic works.

Protection of performers' rights in respect of performances in the Republic.

3. Performers shall be granted the protection provided for in section 5 of this Act in respect of their performances—

- (a) taking place,
- (b) broadcast without a fixation, or
- (c) first fixed,

in the Republic.

Extension of protection of performers' rights to performances in convention countries.

4. The protection granted to performers by this Act shall, subject to such limitations as may hereinafter be prescribed, be extended automatically to performers in respect of their performances—

- (a) taking place,
- (b) broadcast without a fixation, or
- (c) first fixed,

in a country which, being a party to the International Convention for the Protection of Performers, Producers of Phonograms and Broadcasting Organizations, by law grants in its territory similar rights to performers in respect of their performances in the Republic.

No. 11, 1967.]

## WET

### Om voorsiening te maak vir die beskerming van voordraers van letterkundige en artistieke werke.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 10 Februarie 1967.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** (1) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet— Woord-  
omskrywings.

- (i) „fonogram” ’n vaslegging, uitsluitlik vir die oor, van klanke van ’n uitvoering of van ander klanke; (v)
- (ii) „heruitsending” die gelyktydige uitsending deur een uitsaai-organisasie van die uitsending van ’n ander uitsaai-organisasie; en het „heruitsaai” ’n ooreenstemmende betekenis; (vi)
- (iii) „Korporasie” die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie ingestel deur die Uitsaaiwet, 1936 (Wet No. 22 van 1936); (ii)
- (iv) „letterkundige en artistieke werke” ook musikale, dramatiese en dramaties-musikale werke; (iii)
- (v) „reproduksie” ’n kopie gemaak van ’n vaslegging van ’n uitvoering; (vii)
- (vi) „uitsending” uitsending deur middel van ’n uitsaaidiens soos in artikel 1 van die Radiowet, 1952 (Wet No. 3 van 1952), omskryf; en het „uitsaai” ’n ooreenstemmende betekenis; (i)
- (vii) „voordraer” ’n akteur, sanger, musikant, danser of ander persoon wat letterkundige of artistieke werke voordra, sing, lewer of opsê of daarin speel of dit andersins uitvoer. (iv)

(2) Behalwe vir sover die samehang anders vereis, word ’n verwysing in hierdie Wet na die doen van ’n handeling met betrekking tot ’n uitvoering, ’n vaslegging van ’n uitvoering of ’n reproduksie van so ’n vaslegging, uitgelê as ’n verwysing ook na die doen van daardie handeling met betrekking tot ’n aansienlike deel van die uitvoering, die vaslegging of die reproduksie, na gelang van die geval.

**2.** Die regte deur hierdie Wet geskep, beperk of raak op generlei wyse die regte waarvoor enige ander wet wat op outeursreg in letterkundige en artistieke werke betrekking het, voorsiening maak nie. Verband met  
outeursreg-  
beskerming.

**3.** Aan voordraers word die beskerming verleen waarvoor in artikel 5 van hierdie Wet voorsiening gemaak word ten opsigte van hul uitvoerings— Beskerming van  
voordraers se  
regte ten  
opsigte van  
uitvoerings in die  
Republiek.

- (a) wat plaasvind,
- (b) wat uitgesaai word sonder ’n vaslegging, of
- (c) vir die eerste keer vasgelê,

in die Republiek.

**4.** Die beskerming deur hierdie Wet verleen aan voordraers word, onderworpe aan die beperkings wat hieronder voorgeskryf word, outomaties uitgebrei tot voordraers ten opsigte van hul uitvoerings— Uitbreiding  
van beskerming  
van voordraers  
se regte tot  
uitvoerings in  
konvensielande.

- (a) wat plaasvind,
- (b) wat uitgesaai word sonder ’n vaslegging, of
- (c) vir die eerste keer vasgelê,

in ’n land wat ’n party by die Internasionale Konvensie vir die Beskerming van Voordraers, Vervaardigers van Fonogramme en Uitsaai-organisasies is en wat by wet in sy gebied soortgelyke regte aan voordraers verleen ten opsigte van hul uitvoerings in die Republiek.

**Restrictions on use of performances.**

5. (1) Subject to the provisions of this Act, no person shall without the consent of the performer—

- (a) broadcast or communicate to the public a performance of such performer, unless the performance used in the broadcast or the public communication is itself already a broadcast performance or is made from a fixation of the performance or from a reproduction of such a fixation; or
- (b) make a fixation of the unfixed performance of such performer; or
- (c) make a reproduction of a fixation of a performance of such performer—
  - (i) if the original fixation, other than a fixation excluded by section 8 from the necessity for obtaining the consent of the performer, was itself made without his consent; or
  - (ii) if the reproduction is made for purposes other than those in respect of which such performer gave his consent to the making of the original fixation or of a reproduction thereof; or
  - (iii) if the original fixation was made in accordance with the provisions of section 8, and the reproduction is made for purposes not covered by those provisions.

(2) In the absence of an agreement to the contrary, a performer's consent to the broadcasting of his performance shall be deemed to include his consent to the rebroadcasting of his performance, the fixation of his performance for broadcasting purposes, and the reproduction for broadcasting purposes of such fixation.

**Collective performances.**

6. (1) Where several performers as a group take part in the same performance, it shall suffice if the consent required under section 5 is given by the manager or other authority in charge of the group or, failing such authority, by the leader of the group.

(2) In the case referred to in subsection (1) a single payment for the use of the performance shall, unless otherwise stipulated, be made to the manager or other authority in charge of the group or, failing such manager or authority, to the leader of the group, and the manager or authority or leader, as the case may be, shall distribute the proceeds as agreed by the performers or, in default of agreement, the right to remuneration of the respective performers shall be determined in accordance with the provisions of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1965), or alternatively, at the option of the majority of the performers, by the Copyright Tribunal established by the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965).

**Term of protection.**

7. The prohibition against the use of a performance without the consent of the performer as provided for in section 5, shall commence upon the day when the performance first took place or, if incorporated in a phonogram, when it was first fixed on such phonogram, and shall continue for a period of twenty years calculated from the end of the calendar year in which the performance took place or was incorporated in a phonogram, as the case may be.

**Exceptions from prohibition against use of performance without the consent of the performer.**

8. (1) If a performer consents to the incorporation of his performance in a visual or audio-visual fixation, section 5 (1) shall cease to apply in respect of the performance so fixed.

(2) A performance, a fixation of a performance or a reproduction of such a fixation may be used without the consent required by section 5—

- (a) if it is for the purposes of private study or personal and private use; or
- (b) if it is for the purposes of criticism or review or for the purpose of reporting on current events, provided that not more than short excerpts from the performance are used and, whenever possible, the performer's name or the names of the leading performers are acknowledged; or
- (c) if it is for the purposes of teaching or scientific research; or
- (d) if it is for the purpose of legal proceedings; or
- (e) if it is for the demonstration of recording, amplifying or similar apparatus, provided that the demonstration is made by a licensed dealer on his premises to a specific client.

5. (1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet mag niemand sonder die toestemming van die voordraer—

Beperkings op gebruik van uitvoerings.

- (a) 'n uitvoering van daardie voordraer aan die publiek uitsaai of oordra nie, tensy die uitvoering wat in die uitsending of die openbare oordrag gebruik word, self alreeds 'n uitsaai-uitvoering is of van 'n vaslegging van die uitvoering of van 'n reproduksie van so 'n vaslegging gemaak word; of
- (b) 'n vaslegging van die nie-vasgelegde uitvoering van daardie voordraer maak nie; of
- (c) 'n reproduksie van 'n vaslegging van 'n uitvoering van daardie voordraer maak nie—
  - (i) indien die oorspronklike vaslegging, behalwe 'n vaslegging wat deur artikel 8 uitgesluit is van die noodsaaklikheid om die voordraer se toestemming te verkry, self sonder sy toestemming gemaak is; of
  - (ii) indien die reproduksie gemaak word vir ander doeleindes as dié ten opsigte waarvan daardie voordraer sy toestemming tot die maak van die oorspronklike vaslegging of van 'n reproduksie daarvan verleen het; of
  - (iii) indien die oorspronklike vaslegging ooreenkomstig die bepalings van artikel 8 gemaak is en die reproduksie gemaak word vir doeleindes wat nie deur daardie bepalings gedek word nie.

(2) By ontstentenis van 'n andersluidende ooreenkoms, word 'n voordraer se toestemming tot die uitsending van sy uitvoering geag sy toestemming in te sluit tot die heruitsending van sy uitvoering, die vaslegging van sy uitvoering vir uitsaaidoeleindes, en die reproduksie vir uitsaaidoeleindes van daardie vaslegging.

6. (1) Waar verskeie voordraers as 'n groep aan dieselfde uitvoering deelneem, is dit voldoende as die kragtens artikel 5 vereiste toestemming gegee word deur die bestuurder of ander gesag in beheer van die groep of, by ontstentenis van so 'n gesag, deur die leier van die groep.

Gesamentlike uitvoerings.

(2) In die geval in subartikel (1) bedoel, moet, tensy anders beding, een enkele betaling vir die gebruik van die uitvoering gedoen word aan die bestuurder of ander gesag in beheer van die groep of, by ontstentenis van sodanige bestuurder of gesag, aan die leier van die groep, en moet die bestuurder of gesag of leier, na gelang van die geval, die opbrengs uitdeel soos deur die voordraers ooreengekom of, by ontstentenis van ooreenkoms, moet die reg van die onderskeie voordraers op besoldiging bepaal word ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965), of anders, volgens die keuse van die meerderheid van die voordraers, deur die Outeursreghof ingestel deur die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965).

7. Die verbod op die gebruik van 'n uitvoering sonder die toestemming van die voordraer soos in artikel 5 bepaal, begin op die dag waarop die uitvoering die eerste keer plaasgevind het of, indien dit in 'n fonogram opgeneem is, waarop dit die eerste keer op daardie fonogram vasgelê is, en duur vir 'n tydperk van twintig jaar bereken vanaf die end van die kalenderjaar waarin die uitvoering plaasgevind het of in 'n fonogram opgeneem is, na gelang van die geval.

Duur van beskerming.

8. (1) Indien 'n voordraer toestem dat sy uitvoering in 'n visuele of oudio-visuele vaslegging opgeneem kan word, hou artikel 5 (1) op om van toepassing te wees ten opsigte van die uitvoering aldus vasgelê.

Uitsonderings op verbod op gebruik van uitvoering sonder toestemming van die voordraer.

(2) 'n Uitvoering, 'n vaslegging van 'n uitvoering of 'n reproduksie van so 'n vaslegging kan gebruik word sonder die toestemming deur artikel 5 vereis—

- (a) indien dit is vir die doeleindes van private studie of persoonlike en private gebruik; of
- (b) indien dit is vir die doeleindes van beoordeling of resensie of vir die doel van 'n verslag oor sake van die dag, mits nie meer nie as kort uittreksels uit die uitvoering gebruik word en, wanneer moontlik, die voordraer se naam of die name van die hoofvoordraers erken word; of
- (c) indien dit is vir die doeleindes van onderrig of wetenskaplike navorsing; of
- (d) indien dit is vir die doel van geregtelike stappe; of
- (e) indien dit is vir die demonstrasie van 'n opneem-, vergroot- of soortgelyke toestel, mits die demonstrasie deur 'n gelisensieerde handelaar op sy perseel aan 'n bepaalde kliënt uitgevoer word.

- (3) (a) The Corporation may make by means of its own facilities a fixation of a performance and reproductions of such fixation without the consent required by section 5, provided that, unless otherwise stipulated—
- (i) the fixation and the reproductions thereof are used solely in the broadcasts made by the Corporation;
  - (ii) the fixation and any reproductions thereof, if they are not of an exceptional documentary character, are destroyed before the end of the period of six months commencing on the day on which the fixation was first made; and
  - (iii) the Corporation pays to the performer, whose performance is so used, in respect of each use of the fixation or of any reproduction thereof, an equitable remuneration, which, in the absence of agreement, shall be determined in accordance with the provisions of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1965), or alternatively, at the option of the performer, by the Copyright Tribunal established by the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965).
- (b) The fixation and the reproductions thereof made under the provisions of this subsection may, on the grounds of their exceptional documentary character, be preserved in the archives of the Corporation but shall, subject to the provisions of this Act, not be further used without the consent of the performer.
- (4) The general exceptions from copyright protection of literary and artistic works provided by sections 7 and 10 of the Copyright Act, 1965, shall apply *mutatis mutandis* in respect of performances.

**Offences and penalties.**

9. (1) Any person—
- (a) who knowingly contravenes any of the provisions of section 5 (1); or
  - (b) who knowingly sells or lets for hire or distributes for the purposes of trade, or by way of trade exposes or offers for sale or hire, any fixation of a performance or a reproduction of such a fixation made in contravention of section 5; or
  - (c) who makes, or has in his possession, a plate or similar contrivance for the purpose of making fixations of a performance or reproductions of such fixations in contravention of section 5,
- shall be guilty of an offence and liable on conviction—
- (i) in the case of a contravention referred to in paragraph (a), to a fine not exceeding fifty rand or to imprisonment for a period not exceeding three months, and the court convicting him may in addition, on the application of the performer whose rights have been infringed, and without proof of any damages, order him to pay to the performer as damages such amount, not exceeding one hundred rand, as may in the circumstances of the case appear to it to be reasonable;
  - (ii) in the case of a contravention of paragraph (b), to a fine not exceeding ten rand in respect of each fixation or reproduction; and
  - (iii) in the case of a contravention of paragraph (c), to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.
- (2) Any order made under subsection (1) for the payment of damages to a performer may be executed as if it were a civil judgment in favour of that performer.

**Damages or interdict for infringement of performers' rights.**

10. Any person who infringes the rights of any performer may be sued in any court of law by such performer for—
- (a) an amount not exceeding one hundred rand, and such court may, without proof of any damages and in addition to the costs of the action, award as damages such amount, not exceeding the said amount, as may in the circumstances of the case appear to it to be reasonable; or
  - (b) damages or an interdict or for both damages and an interdict, and such court may, in addition to the costs of the action, award such damages as may appear to it to have been suffered by the performer, or award as



- (3) (a) Die Korporasie kan deur middel van sy eie fasiliteite 'n vaslegging van 'n uitvoering en reproduksies van daardie vaslegging maak sonder die toestemming deur artikel 5 vereis, mits, tensy anders beding—
- (i) die vaslegging en die reproduksies daarvan alleen gebruik word in die uitsendings deur die Korporasie gedoen;
  - (ii) die vaslegging en enige reproduksies daarvan, indien hulle nie van 'n uitsonderlike dokumentêre aard is nie, vernietig word voor die end van die tydperk van ses maande wat begin op die dag waarop die vaslegging die eerste keer gemaak is; en
  - (iii) die Korporasie aan die voordraer wie se uitvoering aldus gebruik word, ten opsigte van elke gebruikmaking van die vaslegging of van 'n reproduksie daarvan 'n billike vergoeding betaal, wat, by ontstentenis van ooreenkoms, vasgestel moet word ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965), of anders, volgens die keuse van die voordraer, deur die Outeursreghof ingestel deur die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965).
- (b) Die vaslegging en die reproduksies daarvan wat kragtens die bepalings van hierdie subartikel gemaak word, kan, op grond van hul uitsonderlike dokumentêre aard, in die argiewe van die Korporasie bewaar word, maar daar mag, onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet, nie sonder die toestemming van die voordraer verdere gebruik daarvan gemaak word nie.
- (4) Die algemene uitsonderings op outeursregbeskerming van letterkundige en artistieke werke waarvoor artikels 7 en 10 van die Wet op Outeursreg, 1965, voorsiening maak, is *mutatis mutandis* ten opsigte van uitvoerings van toepassing.

9. (1) Iemand—

Misdrywe en  
strawwe.

- (a) wat wetens enige van die bepalings van artikel 5 (1) oortree; of
  - (b) wat wetens enige vaslegging van 'n uitvoering of 'n reproduksie van so 'n vaslegging wat in stryd met artikel 5 gemaak is, verkoop of verhuur of vir handelsdoeleindes versprei of vir handelsdoeleindes te koop of te huur uitstal of te koop of te huur aanbied; of
  - (c) wat 'n plaat of soortgelyke toestel maak of in sy besit het vir die doel om in stryd met artikel 5 vasleggings van 'n uitvoering of reproduksies van sodanige vasleggings te maak,
- is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—
- (i) in die geval van 'n in paragraaf (a) bedoelde oortreding, met 'n boete van hoogstens vyftig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, en die hof wat hom skuldig bevind, kan daarbenewens, op aansoek van die voordraer op wie se regte inbreuk gemaak is, en sonder bewys van enige skade, hom beveel om aan die voordraer die bedrag, maar hoogstens honderd rand, as skadevergoeding te betaal wat vir die hof onder die omstandighede van die geval redelik voorkom;
  - (ii) in die geval van 'n oortreding van paragraaf (b), met 'n boete van hoogstens tien rand ten opsigte van elke vaslegging of reproduksie; en
  - (iii) in die geval van 'n oortreding van paragraaf (c), met 'n boete van hoogstens honderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.
- (2) 'n Bevel kragtens subartikel (1) gegee vir die betaling van skadevergoeding aan 'n voordraer, kan ten uitvoer gelê word asof dit 'n siviele vonnis ten gunste van daardie voordraer is.

10. Iemand wat inbreuk maak op die regte van 'n voordraer kan deur die voordraer in 'n geregshof gedagvaar word vir—

Skadevergoeding  
of interdik  
weens inbreuk  
op voordraers  
se regte.

- (a) 'n bedrag van hoogstens honderd rand, en so 'n hof kan, sonder bewys van enige skade en benewens die koste van die geding, die bedrag, maar hoogstens die genoemde bedrag, as skadevergoeding toeken wat vir hom onder die omstandighede van die geval redelik voorkom; of
- (b) skadevergoeding of 'n interdik of vir sowel skadevergoeding as 'n interdik, en so 'n hof kan, benewens die koste van die geding, die skadevergoeding toeken wat, na dit die hof voorkom, die voordraer gelyk het, of die

damages such amount as it may determine in terms of paragraph (a), or grant an interdict or both award damages and grant an interdict.

Power of the court in respect of fixations, reproductions and plates made in contravention of this Act.

11. The court before which any legal proceedings are taken under this Act may order that all fixations, reproductions of fixations or plates (including contrivances similar to plates) in the possession of the accused or the defendant, which appear to the court to have been made in contravention of this Act, be destroyed or otherwise dealt with as the court may in its discretion determine.

Consent on behalf of performers and criminal liability of unauthorized agent.

12. (1) Where in any legal proceedings under this Act it is proved—

(a) that the fixation, the reproduction of a fixation, the broadcast or the public communication to which the legal proceedings relate, was made with the consent of a person who, at the time of giving the consent, represented that he was authorized by the performers to give it on their behalf, and

(b) that the person who made the fixation, the reproduction of a fixation, the broadcast or the public communication had no reasonable grounds for believing that the person giving the consent was not so authorized, the provisions of this Act shall apply as if it had been proved that the performers had themselves consented to the making of the fixation, the reproduction of the fixation or the broadcast or the public communication, as the case may be.

(2) Where—

(a) a fixation, a reproduction of a fixation, a broadcast or a public communication is made with the consent of a person who, at the time of giving the consent, represented that he was authorized by the performers to give it on their behalf when, to his knowledge, he was not so authorized, and

(b) if legal proceedings were brought against the person to whom the consent was given, the consent would by virtue of subsection (1) afford a defence to those legal proceedings,

the person who gave the consent shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand, or to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and such imprisonment.

Contracts in respect of use of performances.

13. Notwithstanding the provisions of this Act any performer may enter into any contract with any user or prospective user of his performance in respect of the use of his performance, but such contract shall be enforceable only in the Republic.

Savings.

14. (1) The rights acquired by any performer prior to the commencement of this Act shall not be prejudiced by this Act.

(2) This Act shall not apply to performances which took place before the commencement of this Act.

Short title and date of commencement.

15. This Act shall be called the Performers' Protection Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

bedrag as skadevergoeding toeken wat die hof ingevolge paragraaf (a) bepaal, of 'n interdik verleen of sowel skadevergoeding toeken as 'n interdik verleen.

- 11.** Die hof voor wie geregtelike stappe kragtens hierdie Wet gedoen word, kan beveel dat alle vasleggings, reproduksies van vasleggings, of plate (met inbegrip van toestelle soortgelyk aan plate) in die besit van die beskuldigde of die verweerder wat, na dit die hof voorkom, in stryd met hierdie Wet gemaak is, vernietig of anders mee gehandel word soos die hof na goeddunke bepaal.
- 12.** (1) Wanneer in enige geregtelike stappe kragtens hierdie Wet daar bewys word—
- (a) dat die vaslegging, die reproduksie van 'n vaslegging, die uitsending of die openbare oordrag waarop die geregtelike stappe betrekking het, gemaak is met die toestemming van 'n persoon wat, ten tyde van die gee van die toestemming, voorgegee het dat hy deur die voordraers gemagtig is om dit namens hulle te gee, en
- (b) dat die persoon wat die vaslegging, die reproduksie van 'n vaslegging, die uitsending of die openbare oordrag gemaak het, geen redelike gronde gehad het om te vermoed dat die persoon wat die toestemming gegee het, nie aldus gemagtig was nie,
- is die bepalings van hierdie Wet van toepassing asof daar bewys is dat die voordraers self tot die maak van die vasstelling, die reproduksie van die vasstelling of die uitsending of die openbare oordrag, na gelang van die geval, toegestem het.
- (2) Wanneer—
- (a) 'n vaslegging, 'n reproduksie van 'n vaslegging, 'n uitsending of 'n openbare oordrag gemaak word met die toestemming van 'n persoon wat, ten tyde van die gee van die toestemming, voorgegee het dat hy gemagtig was deur die voordraers om dit namens hulle te gee terwyl hy geweet het dat hy nie aldus gemagtig was nie, en
- (b) indien geregtelike stappe ingestel sou word teen die persoon aan wie die toestemming gegee is, die toestemming uit hoofde van subartikel (1) 'n verweer teen daardie geregtelike stappe sou uitmaak,
- is die persoon wat die toestemming gegee het skuldig aan 'n misdryf, en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.
- 13.** Ondanks die bepalings van hierdie Wet kan enige voordraer 'n kontrak met betrekking tot die gebruik van sy uitvoering met enige gebruiker of toekomstige gebruiker van sy uitvoering aangaan, maar so 'n kontrak is slegs in die Republiek afdwingbaar.
- 14.** (1) Die regte wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur enige voordraer verkry is, word nie deur hierdie Wet benadeel nie.
- (2) Hierdie Wet is nie van toepassing nie op uitvoerings wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geskied het.
- 15.** Hierdie Wet heet die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Bevoegdheid van die hof ten opsigte van vasleggings, reproduksies en plate wat strydig met hierdie Wet gemaak is.

Toestemming namens voordraers en strafregtelike aanspreeklikheid van ongemagtigde agent.

Kontrakte met betrekking tot gebruik van uitvoerings.

Voorbehoude.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

## ACT

To amend section 4 of the Explosives Act, 1956, so as to make provision for the manufacture of certain explosives not in an explosives factory, but immediately before being used for the purpose of blasting.

*(English text signed by the State President.)*  
*(Assented to 10th February, 1967.)*

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 4 of Act 26 of 1956, as amended by section 2 of Act 21 of 1963.

1. Section 4 of the Explosives Act, 1956, is hereby amended by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) (a) The chief inspector of explosives may grant permission to any person applying therefor in writing, to manufacture, at a place approved by the said chief inspector which is not in an explosives factory, by adding ammonium nitrate to or mixing it with non-explosive component parts, so approved, of an authorized explosive so approved, blasting material which is a so approved authorized explosive, for immediate use at a blasting-place mentioned in the application.

(b) Subsection (1) shall not apply to the manufacture of an authorized explosive in terms of such permission.”

Short title.

2. This Act shall be called the Explosives Amendment Act, 1967.

No. 12, 1967.]

## WET

**Tot wysiging van artikel 4 van die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956, om voorsiening te maak vir die vervaardiging, nie in 'n fabriek van ontploffbare stowwe nie maar onmiddellik voor gebruik vir skietwerk, van sekere ontploffbare stowwe.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 10 Februarie 1966.)*

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** Artikel 4 van die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956, word hierby gewysig deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

„(1A) (a) Die hoofinspekteur van ontploffbare stowwe kan aan iemand wat daarom skriftelik aansoek doen, vergunning verleen om deur ammoniumnitraat te voeg by of te meng met deur gemelde hoofinspekteur goedgekeurde nie-ontploffbare bestanddele van 'n aldus goedgekeurde gemagtigde ontploffbare stof, 'n springstof wat 'n aldus goedgekeurde gemagtigde ontploffbare stof is, op 'n aldus goedgekeurde plek wat nie in 'n fabriek van ontploffbare stowwe is nie, te vervaardig vir onmiddellike gebruik by 'n in die aansoek vermelde skietplek.

Wysiging van artikel 4 van Wet 26 van 1956, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 21 van 1963.

(b) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op die vervaardiging van 'n gemagtigde ontploffbare stof ingevolge so 'n vergunning.”.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Ontploffbare Stowwe, Kort titel. 1967.

**INHOUD.****Departement van die Eerste Minister.**

No.	GOEWERMENSKENNISGEWING.	BLADSY
238	Wet No. 10 van 1967: Wysigingswet op Standaardde, 1967 .. .. .	3
238	Wet No. 11 van 1967: Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967 .. .. .	5
238	Wet No. 12 van 1967: Wysigingswet op Ontplofbare Stowwe, 1967 .. .. .	13

**CONTENTS.****Department of the Prime Minister.**

No.	GOVERNMENT NOTICE.	PAGE
238	Act No. 10 of 1967: Standards Amendment Act, 1967 .. .. .	2
238	Act No. 11 of 1967: Performers' Protection Act, 1967 .. .. .	4
238	Act No. 12 of 1967: Explosives Amendment Act, 1967 .. .. .	12